

Die reis na Rome



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 27, 28; Romeine 1:18–20.

Geheueteks:

“‘Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan ...’” (Handelinge 27:24).

Paulus het vir ‘n geruime tyd gewens dat hy Rome kon besoek, maar sy arrestasie in Jerusalem het al sy planne omvergegooi. Omdat hy nie die druk van die wettiese leiers van die kerk in Jerusalem afgeweer het nie, het dit tot gevolg gehad dat hy vir vyf jaar in Romeinse aanhouding was wat die tyd wat hy op die see deurgebring het tydens sy seereis na Italië, ingesluit het. Hierdie verandering het sy sendingplanne ‘n ernstige knou toegedien. Ten spyte van hierdie terugslag het Jesus self belowe dat die apostel die kans sou kry om in Rome van Hom te getuig (Handelinge 23:11). Selfs al stel ons Hom teleur, kan God ons nog ‘n kans gee, alhoewel Hy ons nie altyd teen die gevolg van ons handeling kan vrywaar nie.

Paulus het wel na Rome gegaan, maar as ‘n gevangene, en daar is geen Bybelse bewys dat hy, soos hy gehoop het, ooit Spanje bereik het nie (Romeine 15:24). Nadat hy ontslaan was na die eerste Romeinse gevangenskap, was hy weer in 67 n.C. gearrester, maar hierdie keer om deur Nero gemartel te word (II Timóteüs 4:6–8). Ja, Paulus het Rome bereik, en terwyl hy in ‘n huis aangehou was terwyl hy gewag het om voor die keiser te verskyn, het hy ten spyte van sy kettings (Efésiërs 6:20, Filippense 1:13), sonder hindernis met wie ook al na hom gekom het, gepraat (Handelinge 28:30, 31), insluitend belangrike lede van Caesar se huishouding (Filippense 4:22).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 29 September.*

Die seereis na Rome

Na twee jaar se aanhouding in Cesaréa (Handelinge 24:27) sou Paulus na Rome toe gestuur word. Volgens die meervoud van die voornaamwoord “ons” wat gebruik word en die fyn besonderhede van die lang en onstuimige seereis na Italië (Handelinge 27:1–28:16), moes Lukas Paulus vergesel het, en ook nog ‘n ander Christen met die naam van Aristárchus (Handelinge 27:2). Nog ‘n belangrike karakter in hierdie verhaal was die Romeinse hoofman oor honderd, Július, wat ook in beheer van ander gevangenes was (Handelinge 27:1). Dit was laat in die somer toe hulle vertrek het. Die vastyd wat genoem word (Handelinge 27:9), verwys na die Dag van Versoening wat gedurende die tweede helfte van Oktober gevier was. As gevolg van die wintertoestande tussen November en Maart, was dit die gewoonte om seereise in die Mediterreense see gedurende hierdie tydperk, te vermy. Van die begin af het hulle probleme ondervind, en na baie oponthoud het hulle by ‘n kleinerige baai met die naam Mooi Hawens gekom op die eiland van Kreta (Handelinge 27:8).

Lees Handelinge 27:9–12. Terwyl hulle by Mooi Hawens was, hoe het Paulus tussenbeide getree en hoe was sy raad aanvaar?

Paulus se waarskuwings was nie ernstig opgeneem nie, en so het die hoofman en die stuurman van die skip besluit om nog 40 myl weswaarts te seil na ‘n hawe met die naam van Fenix waar hulle vir die winter veilig kon oorbly. Ongelukkig, omdat die weer skielik verander het, het hulle in so ‘n woeste storm beland dat die bemanning geen keuse gehad het as om die skip suidwes deur die wind te laat wegdryf nie, weg van die land af. Gou was hulle verplig om van die vraag en selfs van die skeepsgereedskap oorboord te gooi in ‘n wanhopige poging om die skip ligter te maak omdat daar alreeds water in die skip was. Die situasie was kritiek. Na baie dae van min lig omdat die son en ook die sterre nie geskyn het nie, swak sig, hewige reën en woeste winde sonder dat hulle geweet het waar hulle was, en hulle heeltemal uitgeput was, was “alle hoop om gered te word” van hulle ontnem (Handelinge 27:20).

Lees Handelinge 27:21–26. Hoe het Paulus die tweede keer in die verhaal tussenbeide getree?

Met profetiese woorde het Paulus aan die bemanning ‘n boodskap gegee wat hy van God ontvang het. Daar was geen rede om radeloos of wanhopig te wees nie. Daar sou nog gevaar en verlies wees, maar almal van hulle sou oorleef.

Hoekom moes so ‘n getroue en toegewyde dienskneg van die Here soos Paulus soveel gely het deur alles wat met hom gebeur het? Watter lesse kan ons uit hierdie ondervindinge leer?

Die skipbreuk

Volgens die verhaal het Paulus in sy tweede tussenkoms almal aan boord verseker dat hulle – 276 mense (Handelinge 27:37) – behoue sou bly alhoewel alles nie vlot sou verloop het nie; net die skip sou sink (Handelinge 27:22). Veertien dae later het die apostel se woorde waar geword. Terwyl die storm nog gewoed het en die skip rondgedrywe het, het die matrose vermoed dat hulle naby die land was, heelwaarskynlik omdat hulle die geraas van branders kon hoor (Handelinge 27:27). Omdat hulle bang was dat die skip naby die land teen die rotse gedryf sou word, het hulle vier ankers vanaf die agterkant van die skip uitgegooi om hulle spoed te breek; intussen het hulle, volgens sommige Engelse Bybelvertalings, tot hulle gode gebid en gewens dat dit dag moes word (Handelinge 27:28, 29).

Lees Handelinge 27:30–44. Watter lesse leer ons uit hierdie verhaal?

In die begin van hierdie reis het die hoofman oor honderd Paulus goed behandel, maar het geen rede gehad om op die apostel se skeepsvaartkunde te vertrou nie. Na twee weke het dinge egter verander. Paulus het alreeds die hoofman se respek afgedwing met sy profetiese voorspelling van die stranding van die skip (Handelinge 27:21–26) wat nou besig was om te gebeur. Paulus het die mense aan boord aangemoedig om te eet, anders sou hulle nie krag gehad het om na die land toe te swem nie. Goddelike voorsienigheid onthef ons nie noodwendig van ons normale pligte nie. “Dwarsdeur hierdie verhaal word ‘n balans gehandhaaf tussen God se versekering dat ons veilig sal wees, en die pogings van die mense om dit tot uitvoering te bring.” — David J. Williams, *Acts* (Grand Rapids: Baker, 1990), bl. 438, (vrye vertaling). Toe dit oggend word, het hulle die land gesien; dit was ‘n inham met ‘n strand, en hulle het besluit om die skip soontoe te laat loop. Die skip het egter nooit die strand bereik nie. In plaas daarvan het dit ‘n op ‘n sandbank vasgesteek en die agterskip was toe deur die geweld van die branders uitmekaar geslaan. Die soldate was van plan om die gevangenes dood te maak om te voorkom dat hulle ontsnap, maar die hoofman het hulle gestop, hoofsaaklik weens Paulus se invloed. Op die ou einde, net soos God belowe het, was daar geen lewensverlies nie.

Wat sê hierdie verhaal aan ons oor die krag van Paulus se getuienis en van sy karakter, dat deur sy begeerte om Paulus se lewe te spaar, die hoofman aan die soldate opdrag gegee het om nie die gevangenes dood te maak nie?

Op Melíte

Dit was eers toe hulle die kus bereik het dat die oorlewendes gehoor het dat hulle op Melíte geland het, 'n klein eiland in die middel van die Mediterreense see net suid van Siciilië. Gedurende die twee weke wat hulle op die see rondgedryf het, het hulle as gevolg van die krag van die wind ongeveer vierhonderd vyf-en-sewentig myl weg van Mooi Hawens en die eiland Kreta, gedryf. Nou sou hulle drie maande moes wag totdat die winter verby was, voordat hulle hul reis kon hervat (Handelinge 28:11).

Lees Handelinge 28:1–10. Wat het met Paulus op die eiland Melíte gebeur, en hoe kon God hom daar gebruik?

Die mense van Melíte was vriendelik en gasvry, en hulle eerste reaksie was om 'n vuur aan te steek sodat Paulus en sy groep wat almal nat en koud was, warm kon word; die temperatuur op Melíte sou nie gedurende hierdie tyd van die jaar hoër as 50°F. gewees het nie. Die insident met die slang het die mense se aandag op Paulus gevestig. Die plaaslike heidene het eers gedink dat die feit dat Paulus deur 'n slang gepik was, die gevolg van die gode se straf was. Hulle het gedink dat omdat hy 'n moordenaar was wat die dood vrygespring het toe hy nie verdrink het nie, hy nou deur die gode besoek was, of deur die Griekse godin Dikē, wat geregtigheid en wraak gepersonifiseer het. Toe die apostel nie sterf nie, het hulle gesê dat hy 'n god was, net soos dit in Listre 'n paar jaar voor hierdie insident, gebeur het (Handelinge 14:8–18). Alhoewel Lukas nie baie oor hierdie episode te sê het nie, is dit heelwaarskynlik veilig om te aanvaar dat Paulus van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om van die God wat hy gedien het, te getuig. Públius was of die Romeinse prokurator (belastinggaarder of stadsbestuurder) van Mélite, of net 'n plaaslike beampte, maar hy het Paulus en sy metgeselle vir drie dae geherberg totdat hulle meer permanente verblyf kon vind. In elk geval, die gesondmaking van hierdie man se vader deur Paulus het laasgenoemde die geleentheid gegee om ook ander eilandbewoners wat siektes gehad het, te genees. In Lukas se verslag word daar niks genoem van 'n bekeerling of enige gemeente wat Paulus agtergelaat het toe hy vanaf Mélite vertrek het nie. So 'n weglating uit die verslag kon dalk toevallig gewees het, maar dit illustreer die feit dat ons sending in die wêreld meer is as om mense te doop of kerke te plant; dit sluit ook besorgdheid oor mense en hulle behoeftes in. Dit is die praktiese sy van die evangelie (Handelinge 20:35; vergelyk Titus 3:14).

Dis nogal fassinerend dat hierdie onkundige eilandbewoners 'n sin vir goddelike geregtigheid gehad het. Waar het dit eintlik ontstaan? Sien Romeine 1:18–20.

Paulus uiteindelik in Rome

Na drie maande op die eiland Mélite, kon Paulus en sy reisgenote uiteindelik hulle reis voortsit (Handelinge 28:11). Hulle het in Putéoli gearriveer (Handelinge 28:13) — moderne Pozzuoli, geleë in die baai van Napels — vanwaar hulle na Rome padlangs gereis het (sien Handelinge 28:11–16). Die nuus van Paulus se koms het die stad Rome gou bereik, en ‘n groep gelowiges daar het ‘n hele paar myl suidwaarts gereis om hom te gaan verwelkom. Alhoewel hy nog nooit Rome besoek het nie, het die apostel ‘n hele paar vriende in Rome gehad: medewerkers, bekeerlinge, familie, en baie ander wat baie na aan sy hart was (Romeine 16:3–16). Die vergadering by die Appius-mark moes baie emosioneel gewees het, veral omdat Paulus die skipbreuk oorleef het en ook die feit dat hy nou ‘n gevangene was. As gevolg van al die liefde wat hy ontvang het, het die apostel God gedank en was hy in ‘n groot mate bemoedig terwyl hy die verhoor voor die keiser afgewag het.

In sy amptelike verslag moes Festus sekerlik geskryf het dat, volgens die Romeinse regstelsel, Paulus nie skuldig aan enige beduidende misdaad was nie (Handelinge 25:26, 27; 26:31, 32). Dit verduidelik heelwaarskynlik hoekom hy toegelaat was om in ‘n privaathuis te woon (Handelinge 28:30), in plaas daarvan om in ‘n gewone tronk of militêre kamp aangehou te word, maar, volgens Romeinse gewoonte, was hy die hele tyd aan ‘n soldaat vasgeketting. Weens die feit dat Paulus sy eie onkoste moes betaal, kan daaruit afgelei word dat hy sy ambag beoefen het gedurende hierdie tyd (Handelinge 18:3).

Lees Handelinge 28:17–22. Wat het Paulus gedoen kort nadat hy in sy huis ingetrek het?

Alhoewel Paulus nie na die sinagoge toe kon gaan nie, het die sinagoge na hom gekom. Kort na sy aankoms, het hy dus, volgens sy gewoonte om eers die Jode te evangeliseer (Romeine 1:16), die plaaslike Joodse leiers geroep om sy onskuld te verduidelik, net soos hy voorheen gedoen het, naamlik dat hy vir geen ander rede as vir Israel se hoop gearresteer was nie (Handelinge 23:6, 24:15, 26:6–8). Sy bedoeling was nie om homself te verdedig nie, maar om ‘n atmosfeer van vertroue te skep wat hom sou toelaat om die evangelie te verkondig om sodoende te toon dat Jesus se opstanding die vervulling van Israel se voorvaderlike hoop was. Gevul met verbasing omdat hulle geen inligting van Jerusalem oor Paulus ontvang het nie, het die Jode besluit om te hoor wat hy te sê het.

Lees Handelinge 28:22. Wat vertel hierdie vers ons oor die vyandigheid teen die gelowiges gedurende hierdie tyd? Hoe kan ons getrou bly selfs wanneer ander teen ons geloof praat?

Die oorwinning van die evangelie

Die Jode het in groot getalle op 'n bepaalde dag na Paulus se aanbieding oor die evangelie kom luister (Handelinge 28:23).

Lees Handelinge 28:24–31. Waarom het Paulus vanuit hierdie konteks uit Jesaja aangehaal?

Die aanhaling uit Jesaja 6:9, 10 beskryf wat gebeur wanneer mense weier om die Goddelike boodskap te aanvaar. Alhoewel sommige Jode geglo het, het ander nie geglo nie, en so, as gevolg van hierdie dispuut, het die apostel geen keuse gehad om weer na die heidene te draai nie (Handelinge 13:46, 47; 18:6). Paulus moes twee jaar gewag het om deur die keiser verhoor te word. Intussen, alhoewel hy tot sy huis beperk was, was hy nogtans in staat om die evangelie sonder verhinderende met hulle wat na hom gekom het, te deel. Die laaste toneel wat in Handelinge beskryf word, is een wat die oorwinning van die evangelie beskryf, want geen Joodse of Romeinse mag kon die uitbreiding daarvan stop nie.

Dit is nie duidelik hoekom Lukas die boek hier geëindig het nie, want daar is bewys dat, as gevolg van die swak saak teen Paulus, hy vrygelaat was uit sy gevangenskap, en dat hy op nog 'n sendingreis gegaan het net om weer na Rome toe geneem te word om tereggestel te word (II Timóteüs 4:6–8). Dalk, uit die oogpunt van Lukas se literêre bedoeling, naamlik dat deurdat die evangelie selfs in Rome verkondig was, dit reeds die “uiterste van die aarde” bereik het (Handelinge 1:8). “Paulus se geduld gedurende sy lang en onregverdige gevangenskap, sy moed en sy geloof, was 'n voortdurende preek. Sy gees was so anders was as die gees van die wêreld, het getuig dat 'n mag wat hoër is as enige aardse gesag, by hom tuis was. En deur sy voorbeeld is Christene tot groter inspanning as voorstanders van die saak waarin Paulus nie meer in die openbaar kon optree nie, aangemoedig. Op hierdie wyse was die gevangenskap van die apostel invloedryk. Toe sy vermoë om bruikbaar te wees aan bande gelê was, en hy oënskynlik die minste kon uitrig, juis toe het hy uit gebiede waar hy skynbaar uitgesluit was, vir Christus gerwe versamel.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 365.

Uit die kerk se sendingstandpunt kan dit egter gesê word dat die Boek Handelinge – of die geskiedenis van die verspreiding van die evangelie – nog nie klaar is nie, en dit is net hier waar elkeen van ons deel word van die prentjie. Nog baie opwindende en dramatiese hoofstukke was deur die eeue bygevoeg, soms met die bloed van God se getroue getuies. Nou is dit ons beurt om nog 'n hoofstuk by te voeg, die laaste een (hoop ons!), om die sendingopdrag van Jesus aan sy dissipels heeltemal te voltooi — “en dan sal die einde kom” (Matthéüs 24:14).

Vir verdere studie:

“Christus het aan die kerk ‘n heilige opdrag gegee. Elke lid behoort ‘n kanaal te wees waardeur God die skatte van Sy genade, die ondeurgrondelike rykdom van Christus, kan oordra. Die Here begeer niks meer as werktuie wat Sy Gees en Sy karakter aan die wêreld sal toon nie. Die wêreld het aan niks meer behoefte as die openbaring van die Heiland se liefde in die mensdom nie. Die ganse hemel wag op manne en vroue deur wie God die krag van die Christelike geloof kan openbaar.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 472. “God het reeds lank gewag dat die gees van diens van die hele kerk besit moet neem sodat elkeen volgens sy vermoë vir Hom kan werk. Wanneer die lede van God se kerk hulle aangewese werk in die behoefteige velde, tuis en in die buiteland, ter vervulling van die evangelieopdrag doen, sal die hele wêreld spoedig gewaarsku word en dan sal die Here Jesus met krag en groot heerlikheid na die aarde terugkeer...” — bl. 90.

Vrae vir bespreking:

1. Hoe beskryf Lukas Paulus se geloof in God regdeur die ganse reis na Rome? Hoe was die ander mense deur so ‘n onvoorwaardelike geloof beïnvloed?
2. Ten spyte van alles waardeur hy gegaan het, het Paulus nooit sy geloof of sy sending opgegee nie. In Rome het hy aangehou preek ten spyte van sy beperkte vryheid. Wat kan ons doen wanneer ons versoek word om met die verkondiging van die evangelie aan iemand, op te hou?
3. Lees Romeine 1:14, 15. Hoekom het Paulus onder verpligting – soos ‘n skuldenaar – gevoel om self die evangelie aan almal te verkondig? Is ons minder verplig as wat hy was? Dink na oor hierdie verklaring: “Om siele te red behoort die lewenstaak van almal wat Christus bely, te wees. Ons skuld die wêreld die genade van God wat aan ons gegee is, die lig wat oor ons geskyn het, en die skoonheid en krag van die waarheid wat ons ontdek het.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 53, (vrye vertaling).
4. Lees weer die Skrifgedeelte in Jesaja wat Paulus gebruik het. Hoe kan hierdie gedagte op ons van toepassing wees? Ja, ons het ‘n groot waarheid ontvang, maar as ons onself daarteen verhard, of selfs net teen sekere dele daarvan wat met ons eie wense en begeertes bots, watter gevaar kan dit vir ons geestelik inhou?